1. **Algemene Grootboek van Nika Handelaars**
Balansstaatrekening

Dt Debiteurekontrole Kt

Datum		Besonderhede	Fol.	Bedrag		Datum		Besonderhede	Fol.	Bedrag	
2016 Aug	1	Saldo	a/b	47 280	00	2016 Aug	31	Bank en korting toegestaan (128 754 + 89)	KOJ	128 843	00
	31	Verkope (135 525 – 3 000)	DJ	132 525	00			Debiteurekorting	DAJ	561	00
		Bank	KBJ	135	00			Joernaalkrediete (288 + 180)	AJ	468	00
		Joernaaldebiete (312 + 15 + 90)	AJ	417	00			Saldo	o/b	50 485	00
				180 357	**00**					**180 357**	**00**
2016 Sep	1	Saldo	a/b	50 485	00						

2. **Debiteurelys op 31 Augustus 2016**

Debiteur	Debiet	Krediet
C Naidoo (8 980 + 15)	8 995	
S Godlo (9 955 +100)	10 055	
W Mbeki (9 101 + 300)	9 401	
V Buhrman (6 230 – 252)	5 978	
V Beukman (8 691 + 252)	8 943	
H Labuschagne (7 202 – 89)	7 113	
Totaal	**50 485**	

3. Maak ’n lys van enige **vier** punte vir interne kontrole oor debiteure:
   - Reik fakture vir alle kredietverkope uit en maak seker die debiteur teken die faktuur.
   - Hou al die rekeninge vir elke debiteur op datum in die Debiteuregrootboek.
   - Rekonsilieer elke maand die rekeninge in die Debiteuregrootboek na die *Debiteurekontrole*-rekening in die Algemene Grootboek.
   - Stuur elke maand vir die debiteure rekeningstaat.
   - Berei elke maand ’n ouderdomsanalise van debiteure voor.
   - Vra rente op agterstallige rekeninge, en moenie aan kliënte verder goedere op krediet verkoop tot hulle rekeninge opbetaal is nie.